# God gee jou jou identiteit: Wie is ons?

Silvie, ons kat, is al sestien jaar oud. Sy het al vyf keer saam met ons verhuis en is nou al ŉ regte ou oumatjie. Soms wil ek byna jaloers raak op haar, want sy leef regtig in Luilekkerland. Sy miaau net en daar word vir haar kos uitgesit en haar sandbak word gereeld skoongemaak. Sy kan maar rondlê soos sy wil. Nogtans is ek bly ek is nie ŉ kat nie. Want Silvie het geen idee van wie of wat sy is of wat haar doel hier op aarde is nie. Maar ek weet. Omdat ek ŉ mens is, weet ek wie ek is en kan ek nadink oor myself en oor die wêreld waarin ek leef. Ek kan vrae stel en daaroor dink. Wie is ek regtig? Wat is my taak hier op aarde? Dit is een van die unieke voordele en kenmerke van ons bestaan as mense.



Wat vrae stel betref, is daar deesdae egter iets eienaardigs aan die gang. In ons postmoderne Westerse kultuur word daar al jare ŉ vreemde spel gespeel. Die spelreëls is: Jy mag soek soveel jy wil, maar jy mag nooit iets vind nie. Want sodra jy iets vind, speel jy nie meer volgens die reëls nie. Ek bedoel: Mense sê ... Jy mag allerlei vrae vra oor die lewe, oor God en oor geloof, ensovoorts. Natuurlik! Soek maar lekker. Maar moenie dit waag om ons te probeer vertel dat jy ŉ antwoord gevind het nie, want dan breek jy die spelreëls. Volgens hulle bestaan daar immers ten diepste nie regte antwoorde nie, want absolute waarhede bestaan nie.

In Christus het ek gevind waarna ek nog altyd gesoek het: die weg na God, ja God self, die egte waarheid, en ŉ bruisende lewe. Maar die eienaardige is: Ek het terselfdertyd ook myself gevind.

Ek mag nou wel ook ŉ postmoderne mens wees, maar ek kan nie saamspeel met hierdie spel nie, omdat ek onbewustelik aanvoel: Om te soek is net sinvol as daar iets te vinde is. En ek het gesoek na antwoorde op vrae soos: Wie is ek? Waarvoor is ek hier? Waarheen gaan ek? En in 1982 het ek die antwoorde hierop gevind. In Jesus Christus. In Christus het ek gevind waarna ek nog altyd gesoek het: die weg na God, ja God self, die egte waarheid, en ŉ bruisende lewe. Maar die eienaardige is: Ek het terselfdertyd ook myself gevind. Want Christus het my toe ook ŉ nuwe identiteit gegee en ŉ nuwe bestemming. Daar is niks wat vir ŉ mens so bevrydend is as om daardie insig te verkry nie, want eers dan kry mens vaste grond onder jou voete en kry jou lewe rigting. En wat bevrydend is vir elke individuele mens wat by Christus uitkom, is ook bevrydend vir alle mense wat by Hom uitkom tesame, sy kerk, sy volk. Wie is ons en waarom is ons hier? Ook die kerk vind in Jesus haar regte identiteit en bestemming.



En dit is wat ek hier met u wil aanroer: ons identiteit en ons bestemming as gemeente van Christus. Want in die Bybel vind ons hieroor iets besonders. Veral die apostel Petrus skryf in sy eerste brief hieroor in asemrowende taal:

> *Julle, daarenteen, is die uitverkore volk,*[1] *ŉ koninklike priesterdom, ŉ nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk*

*wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.*

(1 Petrus 2:9-10)



Is dit nie iets uitsonderliks nie? Hier klink fantastiese eretitels, wat ons identiteit bepaal: wie is ons? Ek wil nou graag eers by hierdie eretitels stilstaan en probeer om die kern daarvan te omvat. Wat beteken hierdie titels vir die vraag: waarom is ons hier?

## **’n Uitverkore volk/geslag**

Wie is ons? Petrus skryf: *julle is ’n uitverkore geslag.* Ons is ’n ‘geslag’. Dit beteken: ons is skakels in ’n lang ketting van mense wat deur die eeue heen aan mekaar verbind is. Reeds vanaf Adam en Eva. Dink maar aan die geslagsregisters in die Bybel. Ons vorm ’n oeroue familie met ’n ongelooflike ryk geskiedenis. Dit alleen is reeds belangrik vir ons identiteit. Dit gee mens ’n gevoel van meerwaarde, soos wanneer jy uit ’n ou adellike familie sou gebore word. Jy voel meer belangrik omdat jy deel is van so ’n besondere geheel.

Daar is egter iets eienaardigs aan die gang met hierdie geslag, want ons is nie deur ’n biologiese bloedverwantskap aan mekaar verbind nie, maar deur ’n keuse wat God gemaak het. Jy is ’n uitverkore (uitgekiesde) geslag. Ons is familie omdat God ons uitgekies het tussen alle ander mense. Waarom? Verseker nie omdat ons sulke liewe of goeie mense is, of meer interessant as ons bure is nie. Die volk Israel het homself ook met sy bure vergelyk en gedink dat hulle, as die uitverkore volk van God, seker iets heel besonders was. Maar Moses het hulle gou reggehelp. Kyk maar wat hy in Deuteronomium vir hulle sê:

*Die Here het jou nie liefgekry en gekies omdat jy groter was as die ander volke nie, jy was die kleinste van almal. Omdat die Here jou liefhet en Hy sy belofte nakom wat hy met ’n eed bekragtig het aan jou voorvaders, het hy jou deur sy groot krag laat wegtrek en jou bevry uit die plek van slawerny, uit die mag van die farao, die koning van Egipte.*

(Deuteronomium 7:7-8)

God het dus vir Israel liefgehad en Hy wou getrou bly aan Israel. So is God. Nog steeds. Ook ons, as Christene, hoef nie te wonder oor hoekom God ons uitgekies het en ander mense nie. In elk geval het dit niks te make met iets in ons nie. Ook nie met ons geloof nie. God het ons nie uitverkies omdat ons geglo het nie, ook nie omdat ons sou begin glo, soos die Remonstrante beweer het nie. Nee, dit is juis andersom. In Efesiërs 1:4 staan: ‘So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees.’ – dus *sodat* ons kon glo. Dit is iets heel anders. Sy keuse van ons was nie van ons afhanklik nie, maar regtig van Hom alleen. Ons is in liefde uitgekies in Christus, wat sy bloed vir ons gegee het. En so is ons dus tog bloedverwante, deur die liefdevolle bloed van God se Seun. Kan jy daardie bloed op jou broer en suster sien? Dit skep ’n band wat baie dieper en verder gaan as enige biologiese verwantskap. Ek het dit nie verdien nie, maar tog is ek deel daarvan en ook ons almal saam. Uitgekies, deur God wat liefde is. Ek kan dit steeds nie begryp nie. Jy ook nie?

Sy keuse van ons was nie van ons afhanklik nie, maar regtig van Hom alleen. Ons is in liefde uitgekies in Christus, wat sy bloed vir ons gegee het. En so is ons dus tog bloedverwante, deur die liefdevolle bloed van God se Seun.

Wie is jy? Wie mag ons saam wees? ’n Uitverkore geslag!

## ’n Koninklike priesterdom

Ons is ook ’n *koninkryk van priesters*. So het Moses die volk Israel ook reeds aangespreek by Sinai. Nou in die Nuwe Testament kry hierdie gemeente, wat bestaan uit heidene wat Christen geword het, ook hierdie eretitel. Dit klink pragtig. Maar wat beteken dit vir ons vandag? Wat beteken dit om in hierdie tyd ’n koninkryk van priesters te wees? Daarvoor moet ons eers teruggaan na wat dit in Israel beteken het. Deur sy diens by die bring van offers in die tempel, het ’n priester daarvoor gesorg dat die gewone Israeliet in ’n herstelde verhouding met God kon kom.



Die priester het gesorg daarvoor dat ’n brug gebou kon word tussen sy sondige geloofsgenoot en die God van Israel. Hierdie begrip van ’n brug vind ons ook terug in die Latynse vertaling van priester, *pontifex,* wat letterlik *brugbouer* beteken. En dit is dan ook presies wat jy en ek mag doen: ons mag brugbouers wees sodat ander mense die weg na God, die Koning van alle konings, sal kan vind. Daarom ook die term ‘koninkryk’ van priesters. Kan jy vir jouself ’n meer belangrike taak voorstel? God wil jou en my gebruik om mense te help om die pad terug na Hom te vind. Is ons nie geweldig bevoorreg nie?

Wie is ons? ’n Koninklike priesterdom.

## ’n Nasie wat vir God afgesonder is

Hier is nog ’n pragtige eretitel: *’n nasie wat vir God afgesonder is.* ’n Nasie is ’n groep mense wat ’n taal of bepaalde kultuur deel. En dit is wat ons deel: God het ons vir Homself afgesonder, dit wil sê, geheilig. En dit beteken dat God ons Sy eiendom gemaak het, sodat Hy sy stempel op ons kan afdruk.

> *Wees heilig, want Ek die Here julle God is heilig.*
>
> (Levitikus 19:2)

Reg, maar wat beteken dit in die praktyk: om heilig te wees? Nou-ja, dit weet ons nie uit ons self nie. Daarvoor sal ons na God moet kyk. Streng gesproke is heiligheid slegs ’n eienskap van God alleen. Maar wat beteken dit dan as God Homself heilig noem? Natuurlik heelwat, maar die kern daarvan is tog dat Hy, die God van Israel, indien vergelyk met mense en met die gode van Israel se buurvolke, totaal uniek is, die geheel Andere, en dan veral deur die manier waarop Hy mense behandel, naamlik regverdig en genadig. Dit blyk baie mooi uit Hosea 11:9, waar die Here so spreek: *‘Ek sal my gloeiende toorn bedwing, Ek sal nie so ver gaan en Efraim uitwis nie, want Ek is God, nie ’n mens nie. Ek is die Heilige wat by jou is, Ek sal nie met woede ingryp nie.’* Ek dink ons moet vandag die praktyk van om ’n ‘nasie vir God afgesonder’ te wees, soek in hierdie teks. In hierdie kombinasie van regverdig én genadig. God wil dat ons hierin na Hom lyk.

Wie is ons? ’n Nasie wat vir God afgesonder is.

God het ons vir Homself afgesonder, dit wil sê, geheilig. En dit beteken dat God ons Sy eiendom gemaak het, sodat Hy sy stempel op ons kan afdruk.

## Die eiendomsvolk van God

En nou – ten slotte – die laaste eretitel: *die eiendomsvolk van God.* Petrus belig dit in vers 10 verder: *‘Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.’* Eers was daar

niks. Net soos by die skepping. Ja, dit was soos los sand, maar nie 'n volk nie. Totdat God Abraham by sy naam geroep het en 'n spesiale verbond met hom sluit en met sy hele nageslag, van wie die seuntjies, as teken en seël daarvan, besny moes word. So het God hierdie volk Sy eiendom gemaak. Met sy magtige hand het Hy hulle later uit die slawerny in Egipte bevry. En by Sinai het Hy die verbond weereens amptelik bekragtig deur hulle Sy wet te gee en nog later hul eie land. Israel het Sy eiendom geword. Hy wou hulle graag, as eerste van alle volke, red deur die groot Paasoffer van sy Seun, die Messias. Helaas het slegs 'n klein gedeelte van Israel hulleself laat red. Die meeste Israeliete het Jesus nie as Messias erken nie, maar God het sy plan uitgevoer, want deur Abraham wou hy in Christus uiteindelik alle volke bereik. En dit het dan ook gebeur. Elkeen wat nou die Messias omhels, waarvandaan hy ook al kom, hoort nou by God se wêreldwye volk.

Elkeen wat nou die Messias omhels, waarvandaan hy ook al kom, hoort nou by God se wêreldwye volk.

## Kosbare goed



Soms verkry gewone gebruiksartikels 'n buitengewoon hoë waarde omdat dit aan 'n beroemde persoon behoort het. Museums stal dikwels sulke items uit: bv. 'n hoed van Paul Kruger of John Lennon se kitaar. So word ons ook baie werd. Jy mag miskien 'n baie eenvoudige persoon wees en jou ekonomiese waarde byna nul. Maar omdat jy God se eiendom geword het, deur die geloof in Christus, het jou waarde geweldig toegeneem. Want jy is gekoop en betaal met die bloed van die Lam van God. Hoe ryk is ons nie! Want ons is 'n volk wat God tot sy eiendom gemaak het.

Wie is ek? Wie is ons? Dit is vrae wat baie mense besig hou, ook baie jongmense. Deels is dit 'n gevolg van die normale groei na volwassenheid, maar soms bly dit 'n vraag in mens se lewe. Ook vir elke Christen, elke gemeente en kerkverband kan dit 'n vraagstuk bly, veral as mens sien hoe klein ons invloed deesdae is in die samelewing, hoe ons marginaal geword het, hoe selde mense hul by die gevestigde kerke aansluit. Wie is ons nou eintlik as kerk? Wat is ons rol? Self sal ons nooit die antwoorde hierop kan vind nie. Maar gelukkig het God ons die antwoorde gegee in die vorm van asemrowende eretitels. Daardeur weet ons dat ons verseker iets beteken, want Hy is beslis bewus van ons; Hy het ons lief, ons is vir Hom baie kosbaar.

Omdat jy God se eiendom geword het, deur die geloof in Christus, het jou waarde geweldig toegeneem. Want jy is gekoop en betaal met die bloed van die Lam van God. Hoe ryk is ons nie!

Wanneer jy vir jouself hierdie antwoorde toe-eien, vind jy ook jouself weer. Jy kry 'n nuwe uitsig op wat jou identiteit in Christus behels – as Christen, maar ook as kerk. En dit is geweldig belangrik, want jou identiteit definieer jou bestemming, is die dryfkrag in jou lewe van elke dag.

Paul Waterval

© 2016
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is vertaal deur Neels Kornelius.*

[1] Die 1933 vertaling praat van "geslag", wat dui op familieverwantskap.